VRYPOS
Weeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

Jaar 15 - Uitgawe 4
Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

10 Februarie 2017

'n Lewe sonder liefde is
soos n jaar sonder somer

Sweedse Spreukwoord

Volgens al die advertensies en bemarking in winkels en die media, is dit nou amptelik die maand van die liefde en met Valentynsdag om die draai met al sy hartjies en soetsappighede daarby, wil ek veel eerder aan Jesus se troue Liefde vir die mensdom dink. In 1 Joh 4:19ev staan daar, *Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het...* en in Rom 5:8 lees ons van dié grootste Liefde wat iemand nog ooit vir hierdie wêreld en al sy mense gehad het. Daar staan, *Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.* Hy het ons onvoorwaardelik Lief, ten spyte van wie of wat ek en jy is en wat ons met ons lewens doen! Mag jy elke dag Jesus-liefde ervaar en uitleef...

1. VRYSTAATSE TIENERS EN JONGMENSE (13 tot 18 jr) - NEEM KENNIS!:

Kom geniet 'n ***#imagine-experience*** te **NAMPO-Park, Bothaville vanaf 18 – 20 Maart 2017.** Klik **hier** vir 'n kennisgewing met meer besonderhede, besoek gerus ook die amptelike **webblad.** **Gemeentes, bring asseblief hierdie inligting onder julle tieners en jongmense se aandag!** Almal kan gerus van hierdie beweging (*movement*) kennis neem – dit brei uit soos wat die familie vergroot - hulle *Facebook*-volgelinge staan al op meer as 17 000!. In 'n artikel in *e-Kerkbode*, vertel Anriëtte de Ridder (PSD: Jeug en Familiebegeleiding en feeskoördineerder van die Suide se fees) onder meer van twee lekker nuwe inisiatiewe, naamlik ***#imagine young adults*** en die ***#imagine partners***, wat op die *crowdfunding*-beginsel werk. **Lees asseblief hier verder en kyk op watter wyse jy, jou gemeente of selfs jou organisasie, deel van hierdie beweging kan wees!**

2. GEBEURE IN ONS STREEK:

LiG-LESERSDAG IN BLOEMFONTEIN: *LiG,* in samewerking met die NG Gemeentes Heuwelsig en Woodlands Gemeenskapskerk, bied hierdie geleentheid aan op **Saterdag 4 Maart 2017 vanaf 08:30 tot 13:00 te *Emoya Estate*, Bloemfontein**. Die koste beloop R275pp en sluit 'n heerlike ontbyt, asook 'n geskenkpak in.

SPESIALE AANBOD VIR GEMEENTES! Vir elke 10 kaartjies wat jou gemeente verkoop, kry julle R275 om op 'n gemeenteprojek te spandeer (of om iemand vir die lesersdag te borg). Indien jou gemeente drie tafels van 11 kaartjies elk bespreek, ontvang die gemeente 'n LiG-intekening vir 20 mense vir 'n tydperk van drie maande. Kom geniet 'n oggend wat 'n vonkel in jou oog, 'n warmte in jou hart en 'n huppel in jou stap gaan sit. Franja (Juanita du Plessis se dogter), gaan ons harte laat sing, terwyl 'n verskeidenheid van inspirerende sprekers met ons oor praktiese- en hartsdinge gaan gesels. Elke gas ontvang ook 'n propvol geskenkpak. **Bespreek jou plek** by Karin Rautenbach tydens

kantoorure, stuur e-pos aan karin@dalajunction.co.za, of skakel 021 949 7419 / 083 293 2848. **Slegs bankinbetalings of elektroniese bankoorplasings word aanvaar.**

'N SPLINTERNUWE PASSIESPEL IN AFRIKAANS: Hierdie jaar heet die passiespel, ***Judas Iskariot – wat is die prys van bloedgeld?*** Dit word op **Saterdag 1 April 2017 by twee geleenthede in die Sand du Plessisteater opgevoer** (sien biljet vir meer besonderhede rakende tye en koste van kaartjies).



Die oorkoepelende boodskap is vergifnis – Jesus het ons vrygespreek. Ons kan dus soos die verlore seun terugkeer, want Vergifnis wag reeds vir ons – in Jesus is dit volbring. Net so fokus dit ook op die feit dat ons verdraagsaam en liefdevol teenoor mekaar moet wees. Dit was tog die gebod wat Jesus ingestel het... Daarom was Judas ook maar net mens en is Jesus se oorwinning vir hom ook 'n realiteit.

Hierdie projek is heeltemal uniek! Dit is tans die grootste Afrikaanse gemeenskapsteater-projek in Suid-Afrika, waar daar meer as 70 akteurs, sangers, dansers en ekstras op die verhoog gaan wees. Die hoofrolle word deur professionele akteurs vertolk en die kleiner rolle word deur mense uit die gemeenskap gevul. Dr Niel van Niekerk is die regisseur en Jaco Bezuidenhout die musiekregisseur. Die teks en musiek is nuut en vars - Gertjan Holtzhausen het weer die teks geskryf en Jacobus Silwer het die musiek gekomponeer. Hierdie volwaardige *musical* gaan begelei word deur 'n simfonieorkes van ongeveer 50 lewende instrumente. Kyk ook gerus na 'n lok-video by **Judas Iskariot**.

Daar gaan hierdie jaar ook 'n **Bybelse mark in die foyer** wees. **Gemeentes word uitgenooi om hulle voorstelle hiervoor in te dien** – klik **hier** vir meer inligting.

3. BIDDAG VIR DIE ONDERWYS – SONDAG 12 FEBRUARIE:

Gemeentes word weer aan hierdie geleentheid herinner. Skole het die ondersteuning van gemeentes broodnodig. Die NG Kerk het 'n kosbare geskiedenis van betrokkenheid by die onderwys. **Gemeentes word gevra om tydens eredienste op 12 Februarie, aandag te gee aan hierdie belangrike saak, gebruik gerus die bygaande gebed - sake waarvoor voorbidding gedoen kan word is:**

- Die minister van Onderwys en plaaslike onderwys-strukture.
- Dankbaarheid vir uitstekende skoolhoofde, onderwysers, dosente, ouers en leerders.
- Plaaslike skole, skoolhoofde, beheerliggame, onderwysers en leerders.
- Die rol wat organisasies soos die SAOU en FEDSAS speel om gehalte onderwys te verseker.
- Kalmte en veilige omstandighede op Universiteite en ander instellings vir studente om te studeer.
- Die saak waarin ses skole oor hul godsdiensbeleid deur die Organisasie vir Godsdiensonderrig en Demokrasie (Ogod) voor die hof gedaag word, wat van 15 tot 17 Mei 2017 in die hooggeregshof in Johannesburg aangehoor word. Die Federasie vir Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas), verteenwoordig die ses skole in dié saak. Die NG Kerk is as vriend van die hof by hierdie saak betrokke.

4. NUUSBRIEWE:

BYBEL-MEDIA NUWE PUBLIKASIES: Klik **hier** vir al die inligting. Die **Maart-uitgawe van *LiG*** is ook binnekort beskikbaar.

CLF NUUS: Hierdie week word die Maart-pamflet vir **REFORMASIE 500**, ***Vrygemaak vir hierdie lewe***, aan gemeentes, bekend gestel – klik **hier**. Daar is ook inligting oor hulle 60ste bestaansjaar wat hulle hierdie jaar vier.

5. PREDIKANTE NUUS:

Ds Lindo van Z Pieters van NG Gemeente Boshof, ontvang aan die einde van Februarie 2017 demissie by emeritering. *Ds Lindo, namens al die lesers van Vrypos, wens ons vir jou en Trudie 'n geseënde aftrede en goeie gesondheid toe – geniet die nuwe fase van julle lewe.*

Emeritus-leraar, dr JC (Johan) Marais, van die NG Gemeente Marquard en tans in 'n Vastetermynpos, lewer op **Sondag 26 Februarie 2017 sy afskeidspreek**. *Dr Johan, geniet die aftrede saam met jou dierbares, mag God julle seën op die pad vorentoe.*

6. VAKATURES:

Die **NG Kerk Vrystaat** stel die volgende twee poste bekend: **Kuratorium Sekretaresse/sekretaris (halfdag)**, asook **Seminariumbestuurder (deeltyds)** – klik **hier** vir meer inligting. **Die sluitingsdatum vir beide poste is Woensdag 15 Februarie 2017 met aanstellingsdatum 1 April 2017.**

LERAAR VOLTYDS VASTETERMYN, KONTRAK (3JR) – NG BETHULIE: Emeriti nie ouer as 65, word genooi om vir hierdie pos aansoek te doen - klik **hier** vir meer inligting. **Sluitingsdatum vir aansoeke is Dinsdag 28 Februarie 2017, met diensaanvaarding Mei 2017 (onderhandelbaar).**

LERAAR VOLTYDS – NG KOPPIES-WELTEVREDE: Hierdie vakante pos word nou bekend gestel, klik **hier** vir al die besonderhede. Die **sluitingsdatum vir aansoeke is Dinsdag 18 April 2017**, met diensaanvaarding teen Aug-Sept 2017.

VAKATURES OP e-KERKBODE: 'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies, is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, *Kerkbode*. Klik **hier** vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie.

7. HERHALINGS:

Lees berigte in 'n vorige *Vrypos* **hier**: Wêreldbiddag vir Vroue (3 Maart) - daar is 'n geleentheid wat die sangpaar, Francois en Elizabeth vir gemeentes aanbied om hul senior lidmate te bederf. Die NG Winburg vier hulle 175-jarige bestaan en NG Rietfontein vier ook in 2017 hul 100ste verjaarsdag. Die Blinde Vereniging bied 'n ete, *Dinner in the Dark* aan, om fondse in te samel. Lees ook oor kursusse (Dissipelskap en Sotho-klasse), wat aangebied word.

8. VERJAARSDAE:

Seënwense vir almal wat die komende week verjaar, mag dit 'n besondere jaar vir elkeen wees:

10 Feb:
Ds Elzeth Pienaar - SASOLBURG-FONTEIN - 083 376 2814, elzethpienaar@gmail.com

11 Feb:
Ds Wilhelm Rothman - CLOCOLAN - 084 517 6099, paaiwilly@gmail.com
Dr Koos Robb - KROONSTAD-NOORD - 072 599 7772, jprobb@telkomsa.net

13 Feb:
Ds Piet Fourie - BETHLEHEM-PANORAMA - 082 463 0379, pietfou@telkomsa.net
Ds Gerber Roux - ODENDAALSRUS - 079 694 3934, gerberjmroux@gmail.com

15 Feb:
Ds Chris de Vries - STUDENTEKERK - 084 258 4556, chris-d-v@live.co.za

16 Feb:
Ds Pieter Nel - WARDEN - 082 879 1466, pcjnel@gmail.com

12. TEN SLOTTE: *Liefde is...*

Groetnis tot volgende keer...

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: kerkinfo@ngkvs.co.za
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719 (k) Faks: 086 609 2547

INDIEN JY OP *VRYPOS* WIL INTEKEN, KLIK hier (meld asseblief ook jou gemeente/dorp)

AS JY *VRYPOS* WIL KANSELLEER, KLIK hier

Stuur enige nuusgebeure, inligting na kerkinfo@ngkvs.co.za **(spertyd vir indiening, Dinsdae @ 14:00)**

NG KERK VRYSTAAT WEBBLAD: http://www.ngkerkvrystaat.co.za/

NG KERK VRYSTAAT FACEBOOK: Like

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

CLF NUUS:

REFORMASIE 500 – MAART PAMFLET
Vrygemaak vir hierdie lewe



Christenskap vrywaar jou nie van die probleme van gewone menswees nie. Martin Luther het intens bewus geword van die implikasie daarvan dat God uit genade in Jesus Christus ons wêreld binnegetree het. Omdat Jesus self mens geword het staan Hy nie apaties teenoor ons kwellinge, versoekings en pyn nie, maar het Hy juis deernis en begrip daarvoor.

Toe dit duidelik word dat die mens nie die probleme, twyfel, angs, boosheid en pyn van die wêreld kan oplos nie, het God ingegryp en sy Seun gestuur. Hierin lê die krag van die Reformasie en die relevansie daarvan vir ons vandag , 500 jaar later. Om vir Christus te volg, maak jou vry van die druk van populêre waardes, en daarom het dit 'n groot waarde en betekenis, nie net vir die toekomstige lewe nie, maar juis ook vir hierdie lewe.

Bestel gerus hierdie pamflet vir julle gemeente en loop saam met Christelike Lektuurfonds die Reformasie-pad van vrymaking gedurende 2017. Januarie en Februarie se pamflette *"Vrygemaak deur 'n God wat Hoop gee"* en *"Vrygemaak om met vreugde vir ander te lewe"*, is ook nog beskikbaar indien julle dit misgeloop het. Vir bestellings en navrae skakel 021 8736964 of stuur 'n e-pos na order@clf.co.za. Die pamflette is ook aflaaibaar op www.clf.co.za, **of** deur CLF se gratis slimfoon-toep.

CLF VIER HUL 60ste BESTAANSJAAR IN 2017: Lees gerus meer hieroor.

TERUG NA INHOUD

VAKATURES – NG KERK VRYSTAAT:

1. KURATORIUM SEKRETARIS/SEKRETARESSE (HALFDAG): Die NG Kerk Vrystaat stel die halfdag pos van Kuratorium Sekretaris/sekretaresse van die Kuratorium in Bloemfontein bekend en nooi belangstellendes om aansoek te doen.

Opdrag:

- Skribaat van die NG Kerk Vrystaat Kuratorium.
- Administratiewe ondersteuning aan die Seminarium Bestuurder.

- Skakeling met Teologiese studente van die NG Kerkfamilie aan die UV en die begeleier-predikante.
- Administrasie van Teologiese studente se dokumentasie in voorbereiding van legitimasie.
- Koördineer Kuratorium steunspanne (vir Begeleiding, Akademiese Evaluering en Gemeentejaar)

2. SEMINARIUM BESTUURDER (DEELTYDS): Die NG Kerk Vrystaat stel die 3/8ste pos van Bestuurder vir die Teologiese Seminarium van die NG Kerk in Bloemfontein bekend en **nooi belangstellende gelegitimeerde predikante van die NG Kerkfamilie om aansoek te doen.**

Opdrag:

- Neem leiding in die organisering en bestuur van die Seminarium se projekte en programme.
- Neem leiding in die bestuur van die Seminarium se personeel en aanbieders.
- Dien op die Kuratorium, Kuratorium Dagbestuur en die Seminarium Beheerkomitee.
- Dien op die Kuratorium se steunspanne (vir Begeleiding, Akademiese Evaluering en Gemeentejaar).
- Verteenwoordig die Seminarium en Kuratorium op forums van die Fakulteit Teologie en vergaderings van die NG Kerkfamilie.

Vir beide poste:
Stuur aansoeke & CV's aan: gemeentes@ngkvs.co.za
Sluitingsdatum: 15 Februarie 2017
Aanstelling: 1 April 2017
Navrae: Ds Barnard Steyn (051 406 6732 (k) / 082 842 7028)

TERUG NA INHOUD

VAKATURE - LERAAR VOLTYDS VASTETERMYN, KONTRAK (3JR), NG GEMEENTE BETHULIE:

Bethulie is 35 km van die N1 by Springfontein (teerpad). Dit is 'n plattelandse gemeente in die Ring van Smithfield. Die gemeente is 155 jaar oud. Daar is agt dorps- (99 besoekpunte, 163 lidmate) en vier plaaswyke (30 besoekpunte, 55 lidmate). Gemiddelde ouderdom is net onder 60. Dooplidmate is min en meeste kinders elders op skool. In Huis Uitkoms is 17 senior lidmate. Die vroeë NG Sendinggemeente is deel van die gemeente en word as wyksgemeente bedien met drie dorpswyke (Cloetespark) en een plaaswyk (200 lidmate met baie kinders en jongmense).

PLIGTE: Volgens die Kerkorde Art 9.

LERAARSPROFIEL: 'n Emeritus wat reeds pensioen ontvang en verkieslik nie ouer as 65 nie.

VERGOEDING: Die totale pakket is R16 000 (onderhandelbaar). Reiskoste vir gemeentewerk buite die dorp word geëis. 'n Ruim pastorie is op die kerkwerf beskikbaar, water, krag en telefoon ingesluit.

AANSOEKE: Stuur per e-pos na die skriba by, ngkerkbethulie@yahoo.com. Vermeld naam, ouderdom, huidige adres en volle kontakbesonderhede. Sluit 'n kort CV in met besonderhede van gemeentes bedien en ander moontlike poste wat bekleë is, asook tersaaklike kwalifikasies en ander ondervinding. 'n Preekbeurt op koste van die gemeente en 'n persoonlike gesprek kan verwag word.

SLUITINGSDATUM: Dinsdag 28 Februarie 2017

DIENSAANVAARDING: Mei 2017, anders kan dit tydens gesprek onderhandel word.

NAVRAE:
Kobus Combrink (voorsitter, pre-advies taakgroep): 051 763 0347 / 072 103 7883
Ohna Beukes (skriba, kerkkantoor): 051 763 0172 (k/u Ma 09:15–12:30, 14:15–17:00; Vry 09:15–12:30), of 082 410 1932
Martin Pienaar (huidige leraar): 051 763 0074 / 073 236 0668

Die kerkraad behou hulle die reg voor om niemand uit die persone wat hulself beskikbaar mag stel, te beroep nie.

TERUG NA INHOUD

VAKATURE – LERAAR VOLTYDS, NG KOPPIES WELTEVREDE:

1. GEMEENTEPROFIEL: Koppies-Weltevrede is een van twee gemeentes wat die boerderygemeenskap van Koppies bedien. Daar is 2014 belydende lidmate, 53 dooplidmate en bestaan uit ses plaaswyke en drie dorpswyke. Dit is 65 km

noord van Kroonstad geleë. Die gemeente is daarop ingestel om die wil van God te soek en lê baie klem op gebed. Die gemeente het ook 'n aktiewe aksie om die Woord buite hul gemeente uit te dra deur middel van CD- en DVD-verkope, asook 'n jaarlikse Paaskonferensie. Daar is ook 'n sterk sendingbediening wat plaaslik en na buite opereer. Die kinders en jongmense van die gemeente is vir hulle baie belangrik en moet geestelik versorg word.

2. LERAARSPROFIEL: Gelegitimeerdes van die NG Kerk wat bereid is om die Koninkryk van God bo alles te stel, kan aansoek doen. Indien u baie tyd met God deurbring, wag op die leiding van die Heilige Gees, 'n passie het vir herlewing en die bekering van ongelowiges, aktief betrokke is by die versorging van die gemeente, dit geniet om soms net te kuier en 'n pad met die jongmense en kinders sal stap, is u die persoon waarna hulle soek.

3. AARD VAN DIE POS: 'n Voltydse leraarspos met pligte soos in Art 9 van die Kerkorde.

4. SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: Dinsdag 18 April 2017, met diensaanvaarding Augustus/September 2017. Slegs aansoeke wat vóór of op 18 April 2017 ontvang is, sal oorweeg word. ***Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoekers te maak nie.***

AANSOEKE: Rig u aansoek en CV per e-pos aan, **ngweltevrede@megasurfwifi.co.za.** Vir enige verdere navrae, kontak vir Daleen Erasmus (skriba) by 056 777 1762 (k), of vir ds Braam van Zyl (konsulent), by 082 821 6677, of Frans Jooste by 082 922 6420.

TERUG NA INHOUD